

MARKUS 7: 1-23

*Niks wat van buite af in 'n mens ingaan, kan hom onrein maak nie;
maar die dinge wat uit 'n mens uitkom,
dít maak hom onrein (vers 15)*

1. **LEES Markus 7:1-23 en DEEL met die groep:** Wat staan vir jou uit? Wat speak jou aan?
2. **VERS 21-22 se woorde dui op die sake wat ons in die laaste 5 gebooie (o.a. Deut 5) kry. DEEL MET MEKAAR:** watter woorde in vers 21-22 verwys na die 6de gebod? 7de? 8ste? 9de? 10de?
3. Watter verse/woorde in die Skrifgedeelte verwys na die 5de gebod? **Bespreek.**
4. Die Fariseërs en skrifgeleerdes was baie ingestel op die onderhouding van tradisies (soos oor geslagte heen oorgelewer). **BESPREEK: Hoekom?**
5. **DEEL MET MEKAAR:** wat sê Jesus hieroor (oor dit in vraag 4)? Bv vers 6 - 9
6. Die Fariseërs het gedink sekere tradisies, gebruike en handeling moet nagekom word, anders sondig jy/bly jy nie in God se goeie boekies nie/kan God jou dalk straf.
BESPREEK: Wat is die dinge/tradisies/gebruike wat mense vandag nog laat dink: “as ek hierdie sekere gebruik of handeling nie nakom nie, gaan ek in onguns by God kom. Maar as ek dit doen, sal ek in God se goeie boekies kom/bly”?
7. **BESPREEK DIE VOLGENDE STELLING SE 2 DELE:** “sonde kom van binne af; die nuwe lewe kom van buite af”
8. **BID SAAM:** Dank die Here vir reën.
Doen ook voorbidding vir die 40-dae reeks (2 Sept tot 28 Oktober)

SEËN!